WETENSKAPLIKE BYDRAES VAN DIE PU VIR CHO
Reeks H: Inougurele Redes Nr. 18

# DIE VERSPREIDING VAN EKONOMIESE MAG IN DIE PRIVATE SEKTOR VAN DIE MODERNE KAPITALISME

Nic J. Swart

Potchefstroomse Universiteit vir CHO
1976

# DIE VERSPREIDING VAN EKONOMIESE MAG IN DIE PRIVATE SEKTOR VAN DIE MODERNE KAPITALISME

## 1. INLEIDING EN METODE

Wanneer daar oor die verspreiding van ekonomiese mag in die private sektor van die moderne kapitalisme gehandel word, word die kontroversiële aard van die probleem ten volle besef. Daar bestaan geen gebrek aan standpunte betreffende die kern en aanverwante aspekte van die onderwerp nie.

Die probleem het sodanig aktueel geword dat basiese en empiriese navorsing, veral ten opsigte van die Suid-Afrikaanse situasie, noodsaaklik geword het.

Inaggenome die omvang van die probleem, sal daar met 'n parsiële analise volstaan moet word. Uiteraard bepaal ek my by hierdie geleentheid slegs tot breë riglyne en kan daar nie op detail ingegaan word nie.

Die probleem kan op verskeie maniere benader word, te wete
(a) konsentrasie van ekonomiese mag in die moderne kapitalisme kan in terme van die staat vs. private sektor ontleed word. Sodanige analise kan histories van aard wees of bloot op internasionaal-vergelykende grondslag die feitlike situasie in oënskou neem;
(b) 'n behandeling en heroorweging van bestaande markmodelle en die teorie van die onderneming;
(c) 'n feitlike en statistiese analise van ekonomiese konsentrasie, markstrukture en bedryfsbeleide;
(d) openbare beleid met betrekking tot die wesenselemente van die konsentrasie van ekonomiese mag en
(e) die effek van gesentraliseerde of gedesentraliseerde ekonomiese mag op die sosiale sisteem.

Die analise hier is parsieel nie in die sin dat een van bogenoemde benaderings as uitgangspunt geneem word nie maar dat relevante aspekte uit die verskillende benaderings geneem en saamgesnoer word in 'n min of meer algemene raamwerk.

Die uitgangspunt is dat geen wetenskap slegs op die eksperimentele vlak kan bly beweeg nie. Die daarstellings van konseptuele raamwerke en algemene interpretasiesisteme is 'n belangrike fase in enige wetenskapsontwikkeling. Dit wil soms voorkom asof die ekonomie besig is om kontak met die sosiale werklikheid te verloor; paradoksaal as gevolg van die empiriese vooroordeel van so vele ekonome. Dit is 'n ironiese paradoks dat 'n realistiese evaluasie

van praktiese situasies in baie gevalle teoretisering of dan wel konseptualisering vereis.

Empiriese navorsing oor die afgelope dekades het in verhouding tot die volume daarvan werklik nie veel nuwe ekonomiese wette daar kon stel nie. Terselfdertyd is ekonomiese eksperimente altyd op sekere verwysingsmodelle gebaseer hoofsaaklik vanweë die feit dat hipotese alleen op basis van *ex post facto* data getoets word. Die ekonomie kan dus nie eksperimenteer in die gewone sin van die woord nie. Gevolglik is konseptuele verwysingsmodelle implisiet aan eksperimentering in die ekonomiese wetenskap.

Die probleem van konsentrasie van ekonomiese mag omsluit ook fasette waarby die tegnieke van ekonomiese analise nie relevant is nie. Die analise moet dus noodwendig die sosiale, politieke, morele en etiese aspekte van die situasie insluit.

## 2. DIE MODERNE vs. DIE OU KAPITALISME

Die onderwerp van bespreking in ekonomiese literatuur is so dikwels die vergelyking van die moderne kapitalisme met die klassieke kapitalisme. Die tydskrif *Fortune* bestempel moderne ontwikkelings in die kapitalistiese stelsel as die „permanente revolusie". Berle praat van die „kapitalistiese revolusie van die twintigste eeu". John Kenneth Galbraith skryf oor die „nuwe industriële staat".

Dit vereis geen spesialis om die veranderinge in die kapitalistiese ekonomiese sisteem sedert die tyd van Adam Smith aan te dui nie. Om die vorme van verandering te indikeer en om die implikasies daarvan te beklemtoon, sou slegs op 'n herhaling van algemene kennis neerkom.

Hoewel dit nie die bedoeling is om die verhouding van die staat tot die ekonomie te ontleed nie, bestaan daar 'n noue verband tussen die konsentrasie van ekonomiese mag in die privaatsektor en die staat. Hier kom sekere owerheidsbeleidselemente ter sprake die negering waarvan die onderhawige analise onvolledig sou laat.

Dit is 'n universele verskynsel in Westerse lande dat die staat in toenemende mate betrokke raak by 'n verskeidenheid ekonomiese aspekte. In die VSA, byvoorbeeld, vorm die dienste van die Federasie-, Staats- en plaaslike owerhede tussen 'n vyfde en 'n kwart van alle ekonomiese aktiwiteit. In 1929 was die staatsbydrae slegs 8 persent. Hierdie patroon word in die meeste Westerse lande herhaal. Daar is uiteraard graadverskille maar insoverre dit die rol van die staat betref, het kapitalistiese ekonomieë min of meer 'n universele karakter aanvaar.

Bykomend, in die lig van wat nou as die Keynesiaanse revolusie bestempel

word, onderneem die staat ook die regulering van die totale inkome wat beskikbaar is vir die aankoop van goedere en dienste in die ekonomie. Dit word deur middel van monetêre en fiskale beleid gedoen.

Dit word algemeen aanvaar dat die staat in die toekoms 'n uitgebreider rol in die private sektor van die ekonomie sal speel. Dink aan die staat se rol as redder (meestal in die geval van groot maatskappye), subsidieërder, eienaar (die spoorweë, lugdiens, semistaatskorporasies), reguleerder (fiskale, monetêre en ander maatreëls), en as besluitnemer (wetgewing en oorredende magte).

In baie gevalle is dit bedryfsleiers self wat staatsinmenging aanvra. Toe lugvaartmaatskappye in 1971 in die VSA in die moeilikheid was, was dit niemand anders as konserwatiewe bedryfsleiers wat Washington om subsidies gevra het om Lockheed (suksesvol) en die SST (onsuksesvol) van ondergang te red. Dieselfde geld ook vir die Rolls-Royce maatskappy in Engeland.

In die VSA, algemeen erken as dié land van kapitalisme, van vrye markte en entrepreneurs, is die staat in toenemende mate besig om as doelsteller en reëlmaker vir die bedryfslewe op te tree – hoofsaaklik omdat baie bedryfsleiers dit so wil hê. Bankier David Rockefeller, gewese voorsitter van General Motors, James Roche en die voorsitter van A.T. en T. H.I. Rommes is van die prominente nonrevolusionêre bedryfsleiers in Amerika wat die voorstelle van die *National Urban Coalition* in verband met sosiale hervorming onderskryf. Hierdie voorstelle impliseer onder andere dat die regering teen die middel 1970's 'n gewaarborgde jaarlikse inkomeskema daar moet stel en dat die uitgawes vir opvoeding en opleiding ook verdubbel moet word.

Dit word in 'n toenemende mate duidelik dat alleen die nasionale owerheid in 'n posisie is om in die moderne kapitalistiese gemeenskap sekere probleme soos byvoorbeeld omgewingsbesoedeling, deteriorasie van stedelike woonkomplekse, veiligheid van motors, ens. aan te pak en doeltreffend op te los. Die bedryfsgemeenskap is te gefragmenteer en individuele bestuurders is sodanig met maatskappysake geokkupeer dat hulle nie die taak alleen kan behartig nie.

Dit het verder praktyk van regerings in Westerse lande geword om toesig oor die private sektor te hou. Ons verwys u slegs na reëls en regulasies oor motorveiligheid, die kwaliteit van voedsel en medisyne, handelspraktyke en advertensies.

Dit word dus duidelik dat die moderne kapitalisme geboorte gee aan sy eie omgewingsbeperkings insoverre dit die private sektor aangaan. Omgewingsbeperkings in die sin van voorkoming dat die strewe na wins aanleiding gee tot skadelike produkte, besoedeling, die uitbuiting van verbruikers en ander gevare vir die stabiliteit van die bedryfsisteem. Regulasies is dus nie noodwendig altyd beperkings op die vrye mededingingsisteem as sodanig nie.

Die moderne kapitalisme is egter baie nou aan verandering gekoppel. Hulle staan in 'n oorsaak-gevolg verhouding tot mekaar.

Die mees tasbare van al die veranderinge bly steeds die toepassing van 'n toenemende kompleks en gesofistikeerde tegnologie tot die produksie van dinge. Masjinerie vervang in toenemende mate mannekrag. Moderne tegnologie vra vir groot kapitaalbelegging. Hulle word ontwerp, gekontroleer en bestuur deur tegnies gesofistikeerde mense.

Hierdie ontwikkelings het die behoefte en geleentheid vir die groot bedryfsorganisasie geskep. Hierdie tipe organisasie is ontwerp om die moderne tegnologie te akkommodeer omdat dit die nodige kapitaal kan mobiliseer, die geskikte personeel en die vereiste volume grondstowwe kan bekom.

Dit laat geen twyfel dat die konsentrasie van ekonomiese mag in die groot maatskappy die belangrikste enkele veranderingsfaktor in die moderne kapitalisme is nie. Moderne kapitalisme word soms met die groot bedryf geassosieer.

## 3. DIE METING VAN KONSENTRASIE

Konsentrasie van ekonomiese mag kan aan die hand van verskeie maatstawwe gemeet en op verskillende maniere uitgedruk word.

### 3.1 Algemene maatstawwe

Hiervolgens word die aandeel van bedrywe bo 'n sekere grootte in die ekonomie gemeet. Gardiner Means het aanvanklik hierdie maatstaf gebruik toe hy die aandeel van die 200 grootste nie-finansiële maatskappye in die totale produksie gemeet het. Vir hierdie doel is 'n verskeidenheid kriteria gebaseer op die bates van maatskappye gebruik en word 'n maatskappy as groot geklassifiseer wanneer sy bates die 80-100 miljoen dollar kerf oorskry. Dieselfde kriterium is deur die *Federal Trade Commission* in Amerika gebruik.

Alternatiewelik kan 'n groot bedryf ook gedefinieer word as een met bates van meer as 100 miljoen dollars of met meer as 10 000 werkers. Dit is verder moontlik om die grootte van die bedryf te meet aan die hand van die waarde van produksie, waarde toegevoeg, totale verkope, totale verskepings, aantal takke, ens.

Bedryfsgrootte vir doeleindes van bepaling van konsentrasie van ekonomiese mag bly steeds 'n relatiewe begrip. Daar kan geen standaarddefinisie aanvaar word nie. Die posisie verander van land tot land en van bedryfstak tot bedryfstak.

### 3.2 Bedryfstakmaatstawwe

Hierdie maatstaf poog om die aandeel van 'n produk of bedryf(we) in 'n sekere bedryfstak te bepaal. Die doelstelling is om markkonsentrasie te meet.

Ekonome het in die verlede tot uiterstes gegaan om absolute grootte van relatiewe grootte in verhouding tot die bepaalde mark te disassosieer.

## 4. DIE VERSPREIDING VAN EKONOMIESE MAG: KRITERIA

Verskillende kriteria aan die hand waarvan waardeoordele ten opsigte van die konsentrasie of diversifikasie van ekonomiese mag in die private sektor gemaak kan word, is reeds ontwikkel. Kritici en propagandiste gebruik die kriteria om argumente en teen-argumente te regverdig.

### 4.1 Ekonomiese kriteria

Sedert die vroegste ontwikkelingsjare van die kapitalistiese sisteem, vorm mededinging en doeltreffendheid die kern van bespreking. Die probleem kan teruggevoer word tot die basiese teorie van *laissez-faire* kapitalisme. Die ekonomiese aanval op die groot bedryf kan ook tot twee argumente, naamlik dat dit ondoeltreffend en monopolisties is, gereduseer word.

Die leer was en is, in sy klassieke vorm, dat vrye onbelemmerde aktiwiteit van individue wat eie persoonlike materiële gewin nastreef outomaties tot die beste van alle moontlike resultate aanleiding moet gee. Een van die basiese en kardinale veronderstellings van die klassieke leer is dat ekonomiese aktiwiteit deur 'n groot aantal noodsaaklikerwys klein eenhede ten uitvoer gebring moet word. Private eienaarskap en onbelemmerde mededinging wat in die hoogste doeltreffendheid van die sisteem resulteer, het die pilare van die vrye kapitalisme geword.

#### *4.1.1 Doeltreffendheid*

Die moderne nywerheidsrewolusie is in baie gevalle op grond van die doeltreffendheidskriterium ontleed. Die inisiatief het in hierdie verband hoofsaaklik van die kant van die groot bedryf gekom. Dit het outomaties daartoe aanleiding gegee dat kritici van die sisteem defensief moes optree; hulle moes bewys dat dit nie so is nie.

Verder word die groot bedryf begunstig deur 'n openbare mening wat in die doeltreffendheid van groot bedrywe glo.

Die argument dat groot bedrywe ondoeltreffend is, volg min of meer die volgende patroon.

(a) Organisatoriese kompleksiteite en administratiewe probleme maak dit vir die groot bedryf onmoontlik om doeltreffend te funksioneer. Hierdie uitgangspunt vind sy oorsprong by Adam Smith wat geglo het dat ondoeltreffendheid inherent aan groot maatskappye is. Ondoeltreffendheid, volgens hierdie standpunt, vloei voort uit outoritêre en gesentraliseerde administrasie wat noodwendig moet volg namate die organisasie groei. Namate die organisasie meer kompleks en dinamies word, word die inherente outoritêre proses noodsaaklikerwys despoties. Dit op sy beurt is noodsaaklik om te voorkom dat dele van die organisasie afwykende beleide volg en inkonsekwent optree. Die standpunt word gehuldig dat despotisme samehorigheid kan handhaaf en besluite kan neem maar dat dit nie goeie besluite kan neem of 'n doeltreffende organisasie kan laat funksioneer nie.

(b) Groei in die groot bedryf kan nie aan doeltreffendheid toegeskryf word nie.

Daar word in die guns van grootskaalse funksionering geargumenteer dat groei onvermydelik is. Dit word beweer dat die nuwe industriële en kommersiële tegnologie grootheid in die organisasie in die ontwikkeling, produksie en distribusie van sekere tipe produkte impliseer. Dit word verder beweer dat vir 'n lae eenheidskoste die groot bedryf dit kan bekostig om ontwikkelingswerk, insluitende navorsing en reklame, te onderneem en om bestuurstalent wat nie deur klein bedrywe bekostig kan word nie, in diens te neem.

Sommige kritici gee toe dat sodanige reële voordele wel bestaan. Maar in die meeste gevalle het hulle gepoog om dit te minimaliseer of argumente aangevoer dat na 'n sekere punt die voordele uitgeskakel word as gevolg van oormatige grootte.

Die vraag of die groot bedryf doeltreffend is of nie is uiteraard van kardinale belang. In die antwoord tot hierdie vraag is daar duidelik belangrike implikasies vir openbare beleid tot die grootbedryf. Die antwoord berus sekerlik op feite en kan nie deur algemene teorieë beantwoord word nie. Inaggenome die aard en belangrikheid van die vraag is dit verbasend hoe weinig nog gepoog is om die tipe data wat noodsaaklik is vir 'n antwoord te bekom.

(c) Statistiese studies oor koste en wins toon dat die groot bedrywe nie oor die voordele beskik waarop aanspraak gemaak word nie; seer sekerlik nie wanneer hulle resultate met dié van medium-groot bedrywe vergelyk word nie.

Dr. A.S. Dewing het een van die eerste studies oor doeltreffendheid in die groot bedryf gepubliseer. Dewing het bevind dat die verdienste van die samestellende individuele maatskappye tipies groter was as
(i) die verdienste van die gekonsolideerde maatskappy in die eerste jaar van funksionering;
(ii) as die verdienste van die gekonsilideerde maatskappy in sy tiende jaar; en

(iii) as die gemiddelde verdienste per jaar oor die eerste tien jaar.
Die verdienste van die konsolidasie gedurende die eerste tien jaar was, gemiddeld, slegs 55 tot 60 persent van wat in elke geval voorspel is.

Kritici van die groot bedryf het hierdie studie oor en oor aangehaal.

Verdedigers van die groot bedryf het met argumente na vore gekom dat Dewing se steekproef nie verteenwoordigend was nie en dat sy termyn van 10 jaar te kort is.

'n Ander studie deur Livermore is sekerlik die mees deeglik en uitgebreide oor die probleem van doeltreffendheid by samesmeltings. Livermore het bevind dat van 150 samesmeltings in die VSA gedurende die periode 1888 tot 1905, 63 mislukkings was, 17 nie as suksesse geklassifiseer kon word nie, en dat 76 wel suksesvol voortgegaan het.

Livermore het verder bevind dat daar belangriker redes as bestuurs- en kontroleprobleme vir die mislukking van die groot persentasie samesmeltings aangevoer kan word soos onder andere oorspronklike swak oordeel van promotors en organiseerders in die keuse van samesmeltingseenhede, die aanwesigheid van oneerlikheid en die afname in belangrikheid van sekere bedryfstakke.

'n Hele aantal studies wat probeer aantoon dat die groot bedryf doeltreffend is of nie, het op Dewing en Livermore se analises gevolg. Een van die belangrikstes is dié na die funksionering van 'n aptekersketting, Marrud Inc., in die VSA. Hierdie studie toon duidelik dat die bruto winsmarge van die kettinggroep dieselfde en in sommige gevalle selfs hoër as dié van onafhanklike apteke is. Dit nieteenstaande die feit dat Marrud as 'n diskontogroep geklassifiseer word.

(d) Selfs al is die groot bedryf doeltreffend dan is dit as gevolg van voordele wat bekom word deur die eksploitasie van voorsieners en verbruikers en ten koste van die gemeenskap. Dit word geargumenteer dat die voordele nie uit die oogpunt van die ekonomie as geheel as „netto" beskou kan word nie. Dit word verder soms geïmpliseer dat die groot bedryf niks of weinig met die verhoging in die produktiwiteit in die ekonomie te doen het nie. Die argument word ook aangevoer dat produktiwiteit en tegnologiese vooruitgang in die ekonomie hoër sou wees as dit nie vir die groot bedryf was nie.

Die algemene argument lui dus dat as 'n groot bedryf winsgewend is dan is dit omdat hy vir homself monopoliewinste kon bekom of dat sy koste verlaag word op 'n manier dat dit tot geen netto voordeel vir die gemeenskap is nie omdat koste eenvoudig op ander elemente in die ekonomie afgeskuif word.

Professor Stigler het die posisie soos volg opgesom: „... Big businesses may be efficient in the social sense, and usually they also possess, because of the monopoly position, private advantages. But the ability of a company to employ its dominant position to coerce unusually low prices from suppliers is not of

any social advantage.

It follows that even if big companies had larger profit rates or smaller costs per unit of output than other companies, this would not prove they were more efficient in social desirable ways. Actually big businesses are generally no more and no less efficient than medium sized businesses even when the gains wrung by monopoly power are included in efficiency..."

Dit is deur verskeie outoriteite aangevoer dat daar 'n oorsaaklike verband bestaan tussen die geweldige styging in produksie en veranderinge in die ekonomie oor die afgelope aantal dekades aan die een kant en die opkoms van die groot bedryf aan die ander kant.

Kritici van die groot bedryf, aan die ander kant, beweer dat daar ander nie minder belangrike faktore is wat aanleiding gegee het tot die groter produksie en dat laasgenoemde dus nie kousaal verbind kan word aan die groot bedryf nie. Hulle noem dan faktore soos die vooruitgang in die wetenskap, die ontdekking van nuwe grondstowwe, die akkumulasie van kapitaal, ontwikkeling en verfyning van vakkundigheid, verbetering in vervoer en kommunikasie, innovasies van allerlei aard, opleiding en dergelike algemene faktore. Ongetwyfeld sou die produksie en per capital produktiwiteit skerp gestyg het ook in die afwesigheid van die groot bedryf.

Die groot bedryf kan sekerlik nie summier as ondoeltreffend bestempel word nie. Aan die ander kant is dit tot dusver nog nie statisties bewys dat die groot bedryf meer doeltreffend as kleiner bedrywe funksioneer nie; inteendeel. Die beeld van die groot bedryf by die publiek is een van groter doeltreffendheid. Laat daar geen illusies bestaan nie, die individu ken nie die prysbeleid van hierdie organisasies nie en kan ook nie 'n voldoende oordeel oor kwaliteit in verhouding tot prys maak nie.

Dit is ook opvallend hoe vooraanstaande bedryfsleiers, skynbaar op basis van die doeltreffendheidskriterium, menings uitspreek oor die konsentrasie van ekonomiese mag in die hande van 'n paar maatskappye in die toekoms in Suid-Afrika maar hulle doelbewus weerhou om 'n waarde-oordeel uit te spreek selfs oor die ekonomiese aspekte van die saak. Daar moet gewaak word teen die aanname dat grootte *per se* doeltreffendheid en vooruitgang impliseer.

### *4.1.2 Mededinging*

Dit is onmoontlik om al die argumente, teorieë, standpunte en ideologieë oor mededinging enigsins op te som of weer te gee. Ons beperk onsself dus alleen tot sekere wesenselemente wat met die verspreiding van ekonomiese mag in verband staan.

Fundamenteel is die standpunte herleibaar tot die probleem van monopolis-

tiese groot bedryf vs. 'n ideale, individualistiese, atomistiese kapitalisme.

Vir vyftig jaar en langer is groot bedrywe outomaties met monopolie geassosieer. Dit is as self-evident aanvaar dat grootte monopolistiese mag omsluit. In hierdie situasie is groot organisasies dus by magte om pryse op vlakke wat by hulle doeleindes aanpas, vas te stel en ook om pryse op 'n vlak hoër as die mededingingsvlak vas te stel.

Hierteen maak die groot bedryf beswaar en verwys na die gevaar van potensiële mededinging wat altyd bestaan. Dit is egter te betwyfel of die blote gevaar van potensiële mededinging noodwendig tot mededinging aanleiding gee.

Dit het aanvanklik gelyk of die kritici van die groot bedryf goeie vordering gemaak het. In die VSA is die Sherman Act (verbod op sameswering en kontrakte van handel belemmer), die Clayton Act (verbod op prysdiskriminasie) en die Federal Trade Commission Act (verbod op onregverdige mededinging) in hulle guns gepasseer. Die beweging het momentum gekry tot die Standard Oil Co., American Tobacco Co. en die International Harvester Co. onder hierdie wetgewing opgebreek is.

Die posisie het 'n drastiese ommeswaai getoon toe die hooggeregshof in 1927 in die VSA (weer in die geval van die International Harvester Co.) bevind het dat „... the law does not make mere size of a corporation, however impressive, or the unexerted power on its part, an offense, when unaccompanied by unlawful conduct in the exercise of its power".

Meer nog, die basiese konsepte van die teoretiese ekonomie van daardie tyd (twintigerjare) het nou ook teen die kritici van die groot bedryf begin werk. Daar was 'n gebrek aan die nodige, algemeen erkende en aanvaarde analitiese hulpmiddele, deur middel waarvan die werklikheid geabstrakkeer en geanaliseer kon word. Die basiese kategorieë waarin marksituasies geklassifiseer is, was ook nie gunstig vir die kritici nie. Die ekonomiese teorie het slegs vir twee moontlikhede, naamlik monopolie en volledige mededinging, waarin alle marksituasies gekategoriseer moes word, voorsiening gemaak. Die ekonomiese konsep van monopolie was daarbenewens so eng in sy algemene opvatting dat die skrywers van handboeke dit moeilik gevind het om selfs 'n voorbeeld van monopolie te vind.

Die boeke van Chamberlin en mev. Robinson in 1933 het nuwe konsepte in die ekonomiese denke asook nuwe deduktiewe veralgemenings wat vinnig wye aanhang geniet het, ingebring. Hierdie veralgemenings het slegs bevestig wat kritici van die groot bedryf vir dekades reeds bepleit het. Die kritici het nou toegang gehad tot 'n algemeen aanvaarde teoretiese apparaat wat in sy wese en struktuur hulle posisie begunstig het.

Spesifiek het hierdie werke en talle andere wat deur hulle geïnspireer is, 'n sistematies uitgewerkte teoretiese basis daargestel waarvolgens beweer kan word dat die groot bedryf na alles tog monopolisites in sy wesenstruktuur is.

Monopolisties insoverre dat hoewel die toetrede van mededingers oormatige winste kan afbring, pryse nog steeds hoër en produksie kleiner is as onder mededingende omstandighede.

Die teoretiese verdediging van die groot bedryf het vroeër op twee hoof proposisies berus. Eerstens, is beweer dat werklike monopolie feitlik nie in die praktyk bestaan het nie. Daar was slegs voorbeelde van die konsentrasie van bedrywe in 'n aantal bedryfstakke. Onder die aansporing van selfbelange en winsbejag was hierdie bedrywe in mededinging met mekaar. Hierdie mededinging tussen enkele groot bedrywe het verseker dat die publiek ten minste dieselfde voordele verkry as onder mededinging tussen 'n groot groep klein bedrywe.

Tweedens is aangevoer dat potensiële mededingers altyd bestaan om voordeel uit enige abnormale winste te trek.

Die teorie van monopolistiese mededinging is in 'n sekere sin regstreeks teen bogenoemde proposisies gerig. Hierdie teorie het 'n argument opgebou wat aantoon dat waar die aantal mededingers beperk en klein is soos in die geval van oligopolie sal die resultate in terme van prys en produksie nader beweeg aan dié van 'n ware monopolie.

Dit sal noodwendig so wees afgesien en onafhanklik van enige vorm van samewerking tussen mededingers. Die monopolistiese resultate van oligopolie vereis of veronderstel nie eens 'n implisiete verstandhouding tussen mededingers nie. Volgens hierdie teorie is monopolistiese resultate inherent aan 'n situasie van 'n klein aantal aanbieders en intelligente selfbelang.

Waar die aantal verkopers klein is, het aggressiewe gedrag van die kant van enigeen 'n onmiddellike impak op al die ander. Vergeldingsmaatreëls sal dus uit beskerming van eie belang volg. Die inisieerder van die kettingreaksie sal uiteindelik genoodsaak word om op sy beurt weer vergeldingsmaatreëls in te stel. Dit sal weer tot verdere reaksie aanleiding gee. Sodanige aggressie, vergelding en teen-vergelding sal al die mededingers, insluitende die inisieerder, in 'n swakker posisie laat as waarin hulle sou verkeer indien die proses nooit begin is nie. Maar omdat elke mededinger intelligent is en insig het, is elkeen bewus van die konsekwensies van aggressiewe gedrag. Omdat elkeen in maksimum wins geïnteresseerd is, sal almal hulle van aggressiewe mededingingsgedrag weerhou, daarom is die netto resultaat dieselfde as wat dit sou wees indien 'n nie-mededingingsooreenkoms tussen hulle sou bestaan of indien almal in een monopolistiese bedryf saamgesnoer sou wees.

Ten opsigte van die invloed van die toetrede van potensiële mededingers argumenteer Chamberlin bloot dat toetrede in die eerste plek nie noodwendig monopoliewinste sal uitskakel nie, en tweedens, indien wel, dat pryse steeds hoër sal wees en die benutting van kapasiteit laer as onder volledige mededinging.

Die teorie gaan verder. Oligopolie kan gedifferensieerd wees, dit wil sê 'n bedryfstak mag oorheers word deur drie groot bedrywe wat produkte wat hoewel alternatiewes nie identies is nie, verkoop. Vir redes reeds aangedui sal hierdie oligopoliste nie 'n aggressiewe prysbeleid volg nie. Die koste van hulle gedifferensieerde produkte sal hoër wees as dié van dergelike ongedifferensieerde of homogene produkte onder „volledige mededinging".

Chamberlin se teorie sê niks oor die grootte van die bedryf nie, maar kritici het die teorie as outomaties van toepassing op groot bedrywe gesien. Groot bedrywe is gewoonlik klein in aantal en produseer gedifferensieerde produkte – artikels wat onder private handelsmerke bemark word.

Die teorie van oligopolie is opgeneem en verder op uitgebrei deur invloedryke skrywers soos professor Arthuer Burns en Corwin Edwards.

Daar bestaan vandag 'n indrukwekkende lys van literatuur oor die verskillende monopolistiese mededingingsvorme waarvan die oligopolie 'n belangrike element vorm.

Die teorie van mededinging het tot op datum egter twee belangrike fasette van die probleem buite rekening gelaat; fasette wat uit die oogpunt van die konsentrasie van ekonomiese mag van kardinale belang is.

Die eerste faset wat in die praktyk van mededingingsverhoudings 'n belangrike rol speel is dié van magsverhoudings van individuele mededingers. Die doel van mededinging in die geval van grootskaalse eenhede is om 'n sekere graad van markkontrole of om 'n ewewig met ander eenhede in die mark te bewerkstellig om sodoende 'n bevredigende wins te handhaaf. Een resultaat van hierdie verskynsel is dié van geadministreerde pryse die gedrag waarvan aansienlik van die klassieke patroon verskil. Dit impliseer nie altyd verkoop in die hoogste markte nie; dit beteken somtyds 'n prysbeleid om toetrede te verseker of om 'n sekere mark te behou. Dit beteken verder somtyds die verkoop van sekere lyne teen 'n baie lae wins of sonder wins om 'n markaandeel uit te brei of potensiële toetredes uit te hou. In die meeste gevalle is die motief egter die handhawing van 'n bevredigende markewewig met 'n paar kollega mededingers.

Mededinging word dus dikwels deur oorweginge van markmag bepaal. Die volle mededingingsarsenaal word alleen losgelaat wanneer 'n nuwe bedryf die markewewig wil versteur of wanneer 'n mededinger te aggressief raak.

Die magsverhouding van die grootskaalse eenheid is nie slegs tot die mark beperk nie maar strek ook na voorsieners van grondstowwe of produkte, die kommunikasiemedia en arbeid. Dit is algemene kennis dat die groot bedryf as gevolg van sy volume konsumpsie druk kan uitoefen op voorsieners selfs tot so 'n mate dat die voorsieners van ander afnemers, gewoonlik klein bedrywe, verliese aan winste moet verhaal. Hier het ons in wese met 'n versteuring van mededingingsewewig op grond van magsverhouding te doen. Kritici van

die groot bedryf verwys ook na hierdie praktyk as 'n verskuiwing van besparing wat uit die oogpunt van die gemeenskap geen netto positiewe resultaat beteken nie.

Beskikbaarheid van groot finansiële middele maak dit vir die groot eenheid verder moontlik om deur middel van reklame produkte selfs teen hoër pryse te verkoop.

Die magsverhouding waarin die groot bedryf tot die arbeid gestaan het, het regstreeks aanleiding gegee tot die ontwikkeling van die vakunies op georganiseerde grondslag as 'n soort „countervailing power". Die vakunies het selfs sover gevorder dat dit vandag die uitbreiding en selfs die *status quo* posisie van multi-nasionale maatskappye bedreig.

Dit wil verder voorkom of bestaande mededingingsteorieë steeds beperk bly tot parsiële analise en mikro situasies terwyl die praktyk van mededinging reeds makro dimensies begin aanneem het.

Mededinging het 'n multi-dimensionele karakter aangeneem. Die mark word op grond van die funksioneringseienskappe van instellings in twee verdeel. Aan die een kant staan groot bedrywe wat in terme van hulle metode van organisasie, bemarkings- en verkoopstegnieke as 'n homogene oligopolie op makrovlak geklassifiseer kan word. Aan die ander kant bestaan 'n verskeidenheid klein bedrywe wat in 'n onvolledige mededingingsituasie op gedifferensieerde grondslag in terme van diens en produk as groep met groot bedrywe meeding. Die klein bedryf kompeteer dus in die eerste plek nie met groot bedryf X of Y nie maar met die totaal van of 'n konglomeraat van groot bedrywe. Groot bedrywe kompeteer op heterogene oligopoliebasis vanweë private handelsmerke en ander differensiërende metodes met mekaar.

Uit sodanige siening van die mededingingsituasie vloei belangrike implikasies vir owerheidsbeleid met betrekking tot die bedryfstakstruktuur voort. In die breë mededingingsituasie kom nou ook omgewingsfaktore en nie slegs interne bedryfsaangeleenthede en individuele markomstandighede ter sprake.

Uit sy metode van funksionering, aard en samestelling is die groot bedryf daartoe in staat om afsonderlik en/of gesamentlik van metodes en tegnieke gebruik te maak wat 'n versteuring in die normale mededingingsewewig kan bewerkstellig. Veral ter sprake in dié verband is sekere handelspraktyke sommige waarvan op etiese en morele gronde vir die individuele entrepreneur onaanvaarbaar is. Uit owerheidsoogpunt is dit noodsaaklik om toe te sien dat, afgesien van die versteuring wat reeds in die private mark ten opsigte van die konsentrasieverskynsel bestaan, alle mededingende eenhede ten minste 'n gelyke kans het. Hierdie oorwegings is onderliggend aan die *Federal Trade Commission Act* in Amerika en 'n verskeidenheid wette en reglemente wat in Wes-Europese lande oor handelspraktyke bestaan.

Dit is dus moeilik om op grond van bestaande ekonomiese teoretiese raamwerk oor mededinging die volle implikasie van die konsentrasie van ekonomiese mag te verstaan en dienooreenkomstig optrede te propageer.

Ons hoor gereeld in Suid-Afrika die praktiese slagspreuk van die kant van gerespekteerde individue en organisasies dat die vrye markmeganisme intak gehou moet word. Dit veronderstel dat regulasies, veral owerheidsregulasies, beperk moet word, mededinging vry moet wees en dat daar vrye toetrede moet bestaan. Die vraag kan maar net gevra word of hierdie vertoë op 'n werklike insig van die praktiese situasie gebaseer is. Dit wat bepleit word bestaan nie meer nie, nie as gevolg van regeringsmaatreëls nie maar grotendeels as gevolg van struktuurverwikkelinge in die private sektor van die moderne kapitalisme self. Verder bepleit sommige van die persone en organisasies dit wat hulself help afbreek het vanweë hulle betrokkenheid by en deelname aan die aktiwiteit van die groot bedryf.

Na die onlangse devaluasie van die rand het die stemme ook ten opsigte van prysbeheermaatreëls vir die vrye werking van die markmeganisme opgegaan. Daar is beweer dat die vrye mark self die probleme sal uitsorteer. Hierdie is absolute wensdenkery omdat die markmeganisme reeds struktureel sodanig versteur is dat daar nie sprake kan wees van 'n „vrye" meganisme nie. Verbruikers is nie ingelig oor pryse en prysvormingsbeleid nie. Aankope het as gevolg van die ontwikkeling van koopsentrums plekgebonde geraak. Kennis van die struktuur het noodsaaklik geword voordat die werking en resultaat beoordeel kan word.

### 4.2 Politieke en sosiale kriteria

Die politieke en sosiale kritiek teen die konsentrasie van ekonomiese mag kan in drie hoofargumente saamgevat word.

Eerstens, word beweer dat die land deur groot bedrywe beheer word en dat hierdie bedrywe hulle mag vir eie gewin en nie vir die welvaart van die gemeenskap gebruik nie.

Tweedens, is die groot bedryf uit sy wesensaard en heeltemal onafhanklik van wat dit onderneem of doen, nie versoenbaar met die basiese ekonomiese voorwaardes en veronderstellings van die liberale demokrasie nie.

Derdens, afgesien van enige oogmerk van die groot bedryf, is die konsekwensies en resultate van die werkverrigting daarvan sodanig dat dit die sosiale basis van die liberale demokrasie ondermyn en dat dit strukturele veranderinge in die gemeenskap en regeringsisteem teweeg bring wat tot 'n totalitêre sisteem aanleiding gee.

#### *4.2.1 Groot bedrywe beheer die land*

'n Gedagte wat herhaaldelik in politieke en sosiale kritiek van die groot bedryf na vore kom is dat die groot bedryf dié mag is wat in feite die politieke, ekonomiese en sosiale instellings beheer. Die beheer van hierdie instellings deur enige minderheidsgroep is ondemokraties volgens algemeen aanvaarde definisie. Groot bedrywe wat uiteraard in die minderheid is, beklee 'n posisie van kontrole in die gemeenskap en oortree daarmee die ideale en beginsels van die demokrasie.

Die argument dat die groot bedryf die land beheer kan in drie onderdele verdeel word. Eerstens, dat 'n groot bedryf oligargie of plutokrasie die bedryfsgemeenskap en daardeur die nasionale ekonomie beheer. Tweedens, dat die bedrywe buite hulle veld beweeg om ander gemeenskapsinstellings, hoofsaaklik die pers en opvoedkundige instellings, te beheer. Derdens, dat die groot bedryf plutokrasie in beheer van regeringsinstrumente assulks gekom het.

##### *4.2.1.1 'n Groot bedryf oligargie beheer die bedryfslewe en daardeur die nasionale ekonomie*

Die stelling is dat die groot bedryf 'n organisasiestruktuur of magstruktuur ontwikkel het waardeur 'n klein groepie persone in staat gestel word om beheer oor groot maatskappye uit te oefen. Deur middel van sy invloed op hierdie groep maatskappye is die oligargie in staat om die ekonomie te beheer.

Aanvanklik is beweer dat hierdie invloed deur die geldmag van groot finansiële instellings en bankhuise bekom word. Sommige mense glo nog dat dit die bron van beheer is. Meer onlangs is egter groter klem geplaas op die organisasiestruktuur van groot maatskappye as die primêre bron van kontrole en word die aard daarvan verduidelik in terme van die wetlike en werkende verhoudings tussen aandeelhouers, direkteure en maatskappy uitvoerende beamptes.

Na aanleiding van die boek van Berle en Means in 1932 het die gedagte na vore getree dat, sedert eienaarskap en kontrole in die groot maatskappy geskei is, berus kontrole in die hande van 'n groep bestuurders wat self voortplant.

Berle en Means begin met die teorie dat 'n toenemende fraksie van alle ekonomiese aktiwiteit oorgeneem word deur groot bedrywe, veral die heel groot bedrywe. Hulle voorsien ook data wat die presiese rol van die 200 grootste nie-finansiële maatskappye in die ekonomie van die VSA aantoon. Hulle toon aan dat in sekere bedryfstakke soos byvoorbeeld staal, motors, bande en verhittingsapparaat die groot maatskappye vir die oorgrote deel van die totale produksie verantwoordelik is.

Maar hierdie data vorm slegs 'n deel van die prentjie; dit dui slegs die regstreekse konsekwensies van die groot bedryf aan. Hulle verwys vervolgens ook na die volgende:
„Even where the individual does not come in direct contact (with these largest corporations) he cannot escape indirect contact with these companies, so ubiquitous have they become. There are few articles of consumption to whose production one of the big companies has not to some extent contributed".

Hulle beweer verder dat die invloed van hierdie maatskappye ver buite hulle gebied van werkverrigting en van eiendom strek.

Sodanige konsentrasie van regstreekse en onregstreekse mag en invloed oor die ekonomiese en bedryfslewe is opsigself belangrik genoeg. Maar dit is nie al nie. Berle en Means gaan verder:
„This concentration is made even more significant when it is recalled that as a result of it, approximately 2 800 individuals out of a population of one hundred and twenty five million are in a position to control and direct half of industry".

Dus, beweer hulle, daar is 'n geslote klein oligargie wat aan die top van die maatskappy magstruktuur sit. Maar hierdie persone is nie meer die finansiële magnate van vroeër nie. Hierdie groep sluit 'n groot aantal gesalarieerde uitvoerende amptenare in wat groot maatskappye beheer sonder dat hulle enige noemenswaardige finansiële belang in die maatskappy het. In feite is 65 van die grootste 200 maatskappye deur persone beheer wat geen noemenswaardige aandeelhouding gehad het nie. Hierdie kontrole is moontlik gemaak, sê Berle en Means, as gevolg van die verspreide eienaarskap van maatskappye.

Die proposisie van bestuurskontrole het 'n keerpunt in die denkwyse met betrekking tot die maatskappy magstruktuur teweeggebring.

Die posisie van kontrole word 'n stap verder gevoer wanneer die interverhouding tussen maatskappybesture in aanmerking geneem word. Dink byvoorbeeld aan aaneengeskakelde direksies, die aktiwiteit van groot finansiële instellings, spesifieke belangegroeperings deur bedrywe wat wetlike, rekeningkundige en ander soortgelyke dienste aan dieselfde groep van groot maatskappye lewer. Die besture van die meeste groot maatskappye word in 'n losse assosiasie wat die „maatskappy-gemeenskap" genoem word, saamgesnoer.

Dit is tot werke soos hierdie waartoe kritici hulle steeds wend om aan te toon dat die demokratiese politieke struktuur iets van die verlede is.

*4.2.1.2 Groot bedrywe beheer die pers en opvoedkundige sisteem*

Ons kan sonder verdere kommentaar slegs meld dat baie mense glo dat dit uit die oogpunt van eie voordeel noodsaaklik is om sodanig te funksioneer en

sodanige menings te handhaaf om in die guns van ryk mense en instansies te bly. Dit word ook algemeen aanvaar dat die pers in sy verskeidenheid vorme en funksioneringswyse in die demokrasie nie iets sal sê wat adverteerders en moontlike adverteerders sal affronteer nie.

*4.2.1.3 Die groot bedryf beheer die regering*

Die sukses van die groot bedryf om regerings te beheer word aan die inherente mag daarvan toegeskryf.

Daar word verwys na die bydraes van welgestelde individue en families aan politieke partye. Navorsing deur Ferdinand Lundburg onderneem, toon dat alle presidente in die VSA sedert die laaste gedeelte van die 19de eeu, welgestelde mense in hulle kabinette gehad het of goed bevriend was met sodanige mense.

Die jongste voorbeeld hiervan is die bewering dat die IT & T maatskappy in die VSA sekere koste van 'n politieke party geborg het terwyl 'n anti-trust geding teen hierdie maatskappy aanhangig is.

*4.2.1.4 Die groot bedryf en fascisme*

Sommige mense beweer dat die groot bedryf nie slegs as doelstelling die beheer van die regering het nie, maar dat dit besig is om die demokratiese sisteem in geheel te ondermyn en om dit in wese met 'n outoritêre sisteem, met fascisme, te vervang.

„... When control of economic affairs is concentrated in a few hands, democracy becomes a meaningless form. And even the form will not survive. The entrenched economic group will attempt to control the political organization of the country to protect its economic position, and injured interests will attempt to organize so as to improve their position. Political individualism will give way as the political unit becomes the group instead of the individual. Democracy will be succeeded by the forms and principles of authoritarianism"...

Wat hier uit die oog verloor word is die politieke mag wat in vakunies gesetel is. Vakunies het as teenmagsgroep ontwikkel. Die feit bly egter dat politieke mag hier ook in 'n groep wat deur enkelinge beheer word, gesetel is.

Daar is 'n groep wat beweer dat die groot bedryf doelgerig werk in die rigting van 'n fascistiese staat. Andere weer, voel dat hoewel dit nie 'n doelgerigte aksie is nie, die onvermydelike resultaat dié van fascisme is.

### *4.2.2 Die groot bedryf is nie met die ekonomiese basis van demokrasie versoenbaar nie*

Die gedagte dat die groot bedryf nie met die ekonomiese basis van die demokrasie versoenbaar is nie, is in 'n materialistiese filosofie en 'n ekonomiese interpretasie van die geskiedenis gefundeer. Die gedagte geniet egter 'n wye aanhang.

Die ideologie van liberale demokrasie en vrye ondernemerskap veronderstel dat die klein bedryf die ruggraat van die demokratiese gemeenskap vorm; daar bestaan geen positiewe politieke teorie wat die teendeel bepleit nie.

Kritici gebruik dan ook hierdie teorie om die groot bedryf op basis van sy intrinsieke aard, naamlik dat dit ondemokraties is, te veroordeel. Dit gaan dus nie bloot oor die resultate en konsekwensies van die groot bedryf nie.

Die essensiële eienskappe van demokrasie is dat alle mense gelyke politieke en sosiale regte en status moet hê; alle mag in die gemeenskap berus uiteindelik by individue; die individue skep regeringsinstellings met magte wat deur die bevolking aan hulle oorgedra word. Hierdie instellings is weer verantwoordelik aan die bevolking; die mag van die regering om teen individue op te tree is beperk.

Verder gevoer impliseer die teorie dat daar 'n redelike ekonomiese gelykheid moet bestaan en nie slegs politieke en sosiale gelykheid nie. As daar geen substansiële gelykheid in ekonomiese mag is nie dan kan daar ook geen substansiële gelykheid in politieke mag wat die essense van die demokrasie is, wees nie. Volgens hierdie uitgangspunt, is die sleutel tot die demokrasie dus die verspreiding en struktuur van ekonomiese mag.

Hierdie teorie aanvaar dus dat individuele mag feitlik volkome in ekonomiese mag gesetel is en dat die individuele dryfvere hoofsaaklik ekonomies van aard is; 'n politieke teorie van materialistiese individualisme. Elke individu streef dus sy eie materialistiese doelstellings na en as alle individue min of meer gelyke ekonomiese mag besit dan kontroleer die proses homself sodanig dat die resultaat vir die gemeenskap die beste is.

Indien hierdie gedagtegang op die groot bedryf toegepas word, dan spreek die gevolgtrekking vanself.

### *4.2.3 Die groot bedryf is nie versoenbaar met die sosiale basis van die demokrasie nie*

Dit word verder beweer dat die groot bedryf nie versoenbaar is met die sosiale doelstellings en veronderstellings van die demokrasie nie; meer nog dat dit daardie instellings wat wel versoenbaar is naamlik die klein bedrywe besig is om uit te druk.

Meer spesifiek, demokrasie veronderstel 'n bevolking van individuele eiendombesitters en entrepreneurs terwyl die groot bedryf 'n bevolking van salaristrekkers, klerke, agente en huurlinge skep. Salaris en loontrekkers beskik nie oor die kwaliteite wat die gemeenskap nodig het om op demokratiese wyse die kompleks probleme van die ontwikkelde gemeenskap op te los nie. Verder sal die klein besighede wat nog oorbly die doelstellings en metodes van die demokrasie oorboord gooi om sodoende hulself van die mededingende druk van die groot bedryf te red. Die nuwe gemeenskap sal dus hul rug op die demokrasie draai ten gunste van 'n totalitêre regering. Vertoë wat in verskillende Westerse lande van die kant van klein bedrywe aan die regerings gerig word, bevestig in 'n mate hierdie stellings.

In totaal kom dit daarop neer dat die groot bedryf sodanig funksioneer dat dit die sosiale struktuur wat die fondament van die demokrasie vorm, vernietig.

### 4.3 Etiese en morele kriteria

Dit wil voorkom of die rol wat groot bedrywe in die toekoms in die demokratiese gemeenskap gaan speel in 'n groter mate deur etiese en morele eerder as ekonomiese, politieke en sosiale oorwegings bepaal sal word.

Die twintigste eeuse kapitalistiese beskawing het 'n vlak van ontwikkeling bereik wat vir ons doeleindes deur drie eienskappe gekenmerk word.

In die eerste plek het daar 'n herrangskikking in waardesisteme plaasgevind sodanig dat die moderne kapitalisme oormatige materialisme as inherente element ontwikkel het. Kritici glo dat die groot bedryf aktief tot die beklemtoning van hierdie materialistiese waardes meewerk.

In die tweede plek, kan die fundamentele individualisme van die groot bedryfgemeenskap aanleiding gee tot immorele onverantwoordelikheid. Sodanige individualistiese onverantwoordelikheid is opsigself immoreel afgesien van enige negering van morele en religieuse verpligtinge soos van toepassing op alle gelowige mense.

In die derde plek word beweer dat die oormatige materialisme en onverantwoordelikheid van die groot bedryfgemeenskap 'n sosiale gemeenskap daarstel waarin dit moeilik word om 'n menslike bestaan te voer. Die ontwerp van take in die massa produksie prosesse is sodanig gestruktureer dat dit alleen die laer waardes in die mens eksploiteer. Werksituasies werk deur tot die gemeenskap. Hierdie is maar slegs een voorbeeld van hoe die waardigheid en kreatiewe self-uitdrukking van die mens aangetas word.

Agter die verskeidenheid menings en standpunte ten opsigte van die konsentrasie van ekonomiese mag figureer basiese menslike verwagtings en aspirasies. Wat wil mense uit die lewe hê en wat beskou hulle as belangrik?

Eerstens, soek die mens na gemak en verbetering van sy materiële posisie. Hy soek ook na die sekuriteit om standaarde te handhaaf en die moontlikheid om daarop te verbeter. Maar 'n beter lewe impliseer meer en meer en beter goedere of dinge. Die mens oordeel die private kapitalisme as metode van organisasie van die ekonomiese aktiwiteit nie slegs aan die kapasiteit en potensiaal om meer materiële dinge te produseer nie. Indien dit so sou wees dan sou die groot bedryf redelik seker van 'n aanvaarde plek in die gemeenskap kan wees.

Die mens het ook politieke, sosiale, etiese, morele en religieuse doelstellings. 'n Beter lewe impliseer nie slegs 'n hoër lewensstandaard selfs op gewaarborgde basis nie. Die mens soek na selfrespek vir homself en vir die sisteem waarvan hy deel uitmaak. Onder andere beteken dit dat hy ook na 'n goeie gemeenskap strewe. 'n Gemeenskap waarin die morele, etiese en religieuse waardes wat as belangrik beskou word 'n integrale deel van die struktuur gevorm het en waar hierdie waardes in daaglikse beplanning en aksie-geïnkorporeer word.

## 5. DIE „SOULFUL" vs. DIE „SOULLESS" MAATSKAPPY

Kritiek wat van die politieke, sosiale, morele en religieuse vlak teen die groot bedryf ingebring is, het tot die onderskeiding van die „soulful" en „soulless" maatskappy aanleiding gegee.

Die „soulless" maatskappy is daardie een wat as motivering die maksimalisering van wins het. Dit is die maatskappy wat die ander aspekte soos die politieke, sosiale en morele heeltemal in beslissings ignoreer of slegs insoverre in aanmerking neem as wat dit tot wins kan bydra.

Die „soulful" maatskappy word somtyds as ekwivalent aan die moderne bestuursfilosofie gestel. Hierdie bestuursfilosofie betwyfel nie alleen die aanname van winsmaksimalisering as 'n werkende beskrywing van entrepreneursgedrag nie maar ontken ook die institusionele basis van die klassieke winsmotivering. Die redakteurs van *Fortune* merk byvoorbeeld ten opsigte van die „permanente kapitalistiese revolusie" op dat: „... the manager is becoming a professional in the sense that like all professional men he has a responsibility to society as a whole". Hier word gepraat van die maatskappy-gewete.

Die gedrag van die „soulful" maatskappy in terme van die gebruik van sy markmag word gesien as die versekering van die sekuriteit en permanensie van die instelling deur aggressiewe skepping en die okkupering van ontwikkelende markte en tegnologieë; die oordrag van voordele aan lede van die organisasie op alle vlakke van die institusionele hierargie en om voordele hoofsaaklik deur middel van die ontwikkeling van nuwe produkte en tegnologieë maar ook op ander wyses aan die algemene publiek oor te dra.

Die blote onderskeid tussen die „soulless" en „soulful" groot bedryf erken dus by implikasie dat die groot bedryf in die algemeen hoofsaaklik 'n suiwer winsuitkyk gehandhaaf het. Daar is egter nog nie genoeg data beskikbaar wat hierdie onderskeid onomwonde stel nie. Dit is uiters moeilik om die motiewe van maatskappye ten opsigte van sekere sosiale aktiwiteit te beoordeel.

Dit wil konkluderend voorkom asof die ekonomiese mag in die private sektor van die moderne kapitalisme sodanig gekonsentreerd geraak het dat dit die werking van die vrye markmeganisme versteur het. Basiese en empiriese navorsing oor die probleem in Suid-Afrika het dringend noodsaaklik geword. Op basis hiervan sal nie alleen verhoudings binne die private sektor ten volle verstaan en beoordeel kan word nie maar ook die spesifieke verhouding van die staat tot die private sektor.